RAADSBELEID

ONDERWERP : BESKIKBAARSTELLING VAN TOERUSTING EN PERSONEEL TYDENS NOODGEVALLE

VERWYSING : 17.12.R

BESLUIT NR : 12.1/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Die verhuring van die Raad se toerusting en die beskikbaarstelling van personeel, teen betaling, tydens noodgevalle aan omliggende owerhede en Spoornet.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om uitvoering te gee aan die beginsel van samewerkende regering.

RIGLYNE

1. Dat swaar voertuie, werktuie en spesialistoerusting tesame met die toepaslike personeel, in noodgevalle aan omliggende owerhede en organisasies soos Spoornet verhuur mag word.

2. Dat die verhuring onderworpe sal wees aan die beskikbaarheid van die Raad se voertuie, werktuie, toerusting en personeel.

3. Dat die Raad se beleid vir verhaalbare werke op die verhuring van toepassing gemaak word.

4. Dat die heffing van administratiewe kostes op verhaalbare werke, ten opsigte van alle rekeninge, uitgesonderd die van die staat waarop daar nul persent van toepassing is, op **15%** vasgestel word.

5. Dat enige versoek in bovermelde verband met die Munisipale Bestuurder uitgeklaar word.

PROSEDURE

1. Aansoeke vir hulp met swaar voertuie, werktuie en spesialistoerusting word aan die betrokke Direkteur gerig.

2. Die beskikbaarheid van die betrokke toerusting word deur die betrokke Direkteur bepaal met inagname van die aard en omvang van die noodgeval wat ontstaan het en dan aan die Munisipale Bestuurder vir beslissing voorgelê, waarna ‘n verslag vir kennisname aan die Raad voorgelê moet word.

3. Huurtariewe en administratiewe kostes is ingevolge die Raad se beleid op verhaalbare werke betaalbaar en moet die huurder ‘n onderneming gee te dien effekte, dat die verskuldigde bedrag by afhandeling van die noodsituasie vereffen sal word.

ROLLE

Munisipale Bestuurder.
Direkteur Tegniese Dienste.
Direkteur Korporatiewe Dienste.
Direkteur Ontwikkelingsdienste.

VERWANTE BELEID

1. Beleid op verhaalbare werke.
2. Tariefstruktuur vir masjinerie en werktuie soos vervat in die begroting.
3. Salarisskale van personeel soos vervat in die begroting.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word